Posbus 132, Persequor Park, 0020
Tel : 012 349 1102 Epos : rpo@lantic.net
www.stocktheftprevent.co.za

PERSVERKLARING

(vir onmiddellike vrystelling)

VEEDIEFSTAL – DIE PRENTJIE IN DESEMBER 2020

Tydens die voorlegging van misdaadstatistieke op 13 November 2020 het die Minister van Polisie, mnr Bheki Cele vir die eerste keer erken dat veediefstal ‘n ernstige misdaad is. Die Nasionale Veediefstal Voorkomingsforum verwelkom dié erkenning. Veediefstal het ‘n ekonomiese impak van R1,4 biljoen op die landbousektor en elke geval wat aangemeld word, is een te veel. Die Nasionale Veediefstal Voorkomingsforum (NVVF) sal veediefstal altyd as ‘n ernstige misdaad beskou – ongeag afnames of stygings in die aantal sake wat aangemeld word. Dit het ‘n ernstige emosionele en ekonomiese impak op vee-eienaars, daarom word die huidige prentjie gedeel.

“*One Picture Is Worth Ten Thousand Words*” is ‘n Chinese gesegde wat die eerste keer in 1921 deur ‘n advertensiebestuurder, Fred R Barnard gebruik is, wat beteken dat ‘n grafiese illustrasie ‘n sterker boodskap as woorde oordra. Aangesien die jaar-tot-jaar syfers aansienlik verskil, is daar besluit om die toenames en afnames met ‘n vyf jaar-gemiddeld te vergelyk. Dit is belangrik om daarop te wys dat die aantal sake wat by die SAPD aangemeld is, beeste, skape, bokke, perde, varke, wild en pluimvee insluit. Daar word hieronder na alle sake verwys. Die NVVF fokus net op beeste, skape en bokke.

Die eerste kwartaal van 2020/21 word in Figuur 1 toegelig. Ses provinsies het stygings ervaar, met die Wes-Kaap, Noord-Kaap en Oos-Kaap die leiers. Die Wes-Kaap het 41 meer sake terwyl die Oos-Kaap 26 meer sake as die gemiddelde oor vyf jaar, van

2016/17 tot 2020/21, gehad het. Die provinsies met afnames is Noordwes met -11%, Mpumalanga met -18% en die Vrystaat met -16% vergeleke met die vyf jaar-gemiddelde oor dieselfde tydperk.



Figuur 1: Veediefstaltoename/afname vergeleke met die 5 jaar-gemiddeld per provinsie van April tot Junie 2020

Figuur 2 illustreer die toename of afname in veediefstal vergeleke met die vyf jaar-gemiddelde per provinsie van Julie tot September 2020/21. Anders as in Figuur 1 het net een provinsie ‘n beduidende styging in vergelyking met die ander provinsies getoon, wat oorwegend ‘n aansienlike afname in die getal sake gehad het. Soos in Figuur 1 was daar beduidende afnames en het Noordwes -12%, Mpumalanga -12% en die Vrystaat ‘n afname van -13% in vergelyking met die vyf jaar-gemiddelde oor dieselfde periode getoon.



Figuur 2: Veediefstaltoename/afname vergeleke met 5 jaar-gemiddeld per provinsie van Julie tot September 2020

Veediefstal in die derde kwartaal van 2020 word in Figuur 3 geïllustreer. Met die uitsondering van Gauteng, wat ‘n styging van 5% getoon het, het al die provinsies dalings gehad, met Noordwes wat ‘n afname van 19% gehad het.



Figuur 3: Veediefstaltoename/afname vergeleke met die 5 jaar-gemiddelde per provinsie van Oktober tot Desember 2020

Figuur 4 vergelyk dieselfde inligting oor ‘n periode van ses maande, van April tot Desember 2020 en dit onderskryf die bevindinge in Figure 1, 2 en 3.



Figuur 4: Veediefstaltoename/afname vergeleke met die 5 jaar-gemiddeld van April tot Desember 2020

Figuur 5 bied ‘n prentjie van die neigings van April tot Desember 2019 met neigings van April tot September 2020. Drie provinsies, naamlik die Noord-Kaap, KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap demonstreer ‘n konstante styging in veediefstal. Die Wes-Kaap, Noordwes, Mpumalanga en Gauteng het teenstellende resultate met ‘n styging oor die jaar, maar dalings oor die ses maande-tydperk. Noordwes en die Vrystaat toon ‘n afname oor beide die vergelykende periodes.



Figuur 5: 'n Vergelyking van die styging/daling van die maande April tot Desember 2020 met dieselfde periode in 2019

Soos reeds genoem, bied die figure 'n prentjie wat baie sê oor wat in watter provinsies gebeur terwyl die nasionale vlak van diefstal oor die periode met 7% gedaal het.

Dit is 'n bekende feit dat die brandpunt-stasies in Suid-Afrika ses polisiestasies in die Oos-Kaap bevat wat nog nooit die top 10-posisie verlaat het nie, naamlik Sulenkama, Qumbo, Umtata, Mount Frere, Bityi and Tsolo. In Kwazulu-Natal is daar twee hardnekkige stasies, naamlik Taylors Halt en Utrecht, wat altyd van die boonste plekke beklee. Die Vrystaat het normaalweg twee stasies in die top 30, met Seloshesha wat altyd daar is, terwyl Harrismith and Vrede gereeld plekke verwissel. In die Noordwes is Taung 'n uitskieter en verskyn dit normaalweg in die topstasies. Ventersdorp maak ook af en toe sy opwagting in die top 30.

Die NVVF wys al vir jare daarop dat die nie-rapportering van veediefstalsake soos wat in Tabel 1 aangedui word, omvangryk is. Die *Slagoffers van Misdaad*-opname wat deur Statistieke Suid-Afrika gepubliseer word, publiseer sedert 2019 nie meer dié persentasies nie. Dit is belangrik om daarop te let dat die NVVF 'n benadering het van "*indien jy nie 'n misdaad aanmeld nie, is jy net so skuldig soos die persoon wat die misdaad gepleeg het*". Die rede vir dié benadering is dat 'n misdaad wat nie aangemeld word nie tot voordeel van die oortreder is aangesien hy/sy nie skuldig bevind kan word aan 'n misdaad wat nie aangemeld is nie.

Tabel 1: Nie-rapportering van veediefstalsake in Suid-Afrika

Jaar	Persentasie nie-rapportering
2011	36.3
2012	40.1
2014	64.4
2015	67.7
2016	70
2018	77

- ooo O ooo -

DATUM : 2 Maart 2021

NAVRAE

Mnr Willie Clack
Voorsitter
Nasionale Veediefstal Voorkomingsforum
Sel: +27 82 574 2653
E-pos : wclack@unisa.ac.za

Mnr Gerhard Schutte
HUB
Rooivleisprodusente-organisasie
Sel: +27 82 556 7296
Epos: gerhard@rpo.co.za